# HEILIGE LIEFDE –
## HERSTEL VAN GOD SE ONTWERP

*...Laat ons ons dan reinig van alles wat liggaam en gees verontreinig, en ons in gehoorsaamheid aan God volkome aan Hom toewy.*
(2 Korintiërs 7:1)



# 24-7 GEBED VIR HERLEWING
## 15-21 September 2025

Wêreldwyd het baie mense van God se pragtige plan vir liefde en die huwelik afgewyk. Huweliksintimiteit, wat deur God geskep is as 'n verbond van reinheid, eenheid en vrugbaarheid tussen man en vrou, word dikwels as terloops behandel of deur kultuur verdraai. Tog roep die Here Sy volk terug na heiligheid.

Terwyl ons hierdie week saam bid, mag ons harte weer in lyn kom met God se ontwerp, ons huise versterk word en Christus se heerlikheid in gesinne en nasies geopenbaar word.

---

### MAANDAG 15 SEPTEMBER 2025
### GOD HET LIEFDE AS 'N HEILIGE VERBOND ONTWERP

*Daarom sal 'n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle sal een word.*
(Genesis 2:24).

Van die begin af het God die huwelik as 'n heilige verbond ingestel. Adam en Eva se eenheid weerspieël Sy doel vir intimiteit: reinheid, eenheid en vrugbaarheid.
Vandag beskou mense intimiteit dikwels as ontspanning eerder as 'n heilige daad. Maar God se Woord roep ons terug na Sy heilige plan.

**Kom ons bid**

- Bid dat paartjies kulturele verdraaiings sal verwerp en God se Woord as die grondslag van hulle verbintenis sal omhels. Vra dat huwelike in lyn gebring sal word met Sy oorspronklike ontwerp vir heiligheid en verbondsliefde.
- Vra die Here om reinheid, vreugde en vrugbaarheid in huwelike oor hierdie geslag heen te herstel, sodat dit kan skyn as getuienisse van Sy getrouheid en waarheid.

**Praktiese wenk:** Moedig 'n jong paartjie aan om huweliksvoorbereiding na te streef wat in die Skrif gewortel is.

---

## DINSDAG 16 SEPTEMBER 2025
## EER GOD MET JOU LIGGAAM

*... Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen.* (Romeine 12:1).

Ons liggame is tempels van die Heilige Gees. Paulus herinner ons daaraan dat onsedelikheid die liggaam op 'n unieke manier verontreinig, maar God se volk is geroep tot heiligheid. Versoekings word veller, maar Sy Woord staan steeds as ons gids.

**Kom ons bid**

- Bid dat paartjies hul liggame as heilig sal eer en dit as voorwerpe tot God se eer en instrumente van Sy diens sal behandel.
- Vra die Here om huishoudings van verborge sonde te reinig en 'n gees van heiligheid in elke huis te vestig, sodat gesinne heiligdomme van Sy teenwoordigheid en getuienisse van Sy reinheid word.

**Praktiese wenk:** Bid saam met iemand wat met versoeking sukkel en herinner hulle aan hul waarde en oorwinning in Christus en deur die krag van die Heilige Gees.

---

## WOENSDAG 17 SEPTEMBER 2025
## WELLUS VERNIETIG, MAAR BEKERING HERSTEL

*Dawid het toe amptenare gestuur en haar laat haal... Sy het na hom toe gekom, en hy het by haar geslaap...* (2 Samuel 11:4).

Koning Dawid, wat deur God gekies is, het geswig voor begeerte en het in egbreuk met Batseba verval. Begeerte lei tot vernietiging, maar bekering maak die deur oop vir herstel. God se barmhartigheid kan genees waar sonde 'n wond gelaat het.

**Kom ons bid**

- Bid vir 'n gees van diepe bekering waar harte ook al afgedwaal het, dat diegene wat deur sonde gebind is, na die Here sal terugkeer en barmhartigheid sal vind.
- Vra die Here om deursigtigheid in huwelike en gesinne te bring, geheimhouding en skaamte te verbreek, en genesing, versoening en hernieude intimiteit te bring.

**Praktiese wenk:** Deel 'n teks oor reinheid (bv. Matteus 5:8) met iemand wat bemoediging nodig het.

---

## DONDERDAG 18 SEPTEMBER 2025
## LIEFDE WAT VERLOS

*Die Here het vir my gesê: Gaan knoop weer 'n liefdesverhouding aan met 'n vrou wat vir ander mans lief is en egbreuk pleeg...* (Hosea 3:1*).*

Hosea se verlossing van Gomer weerspieël God se onfeilbare liefde vir Sy mense. Selfs wanneer liefde verraai word, wys God vir ons dat vergifnis en herstel moontlik is deur Sy genade.

**Kom ons bid**

- Bid dat God se verlossende liefde sal reik tot in huwelike wat deur verraad letsels opgedoen het, en dat dit bonatuurlike genesing en herstel sal bring.
- Vra vir nederigheid, vergifnis en genade om bitterheid en trots te vervang, sodat paartjies vertroue kan herbou en die verlossende krag van Christus kan weerspieël.

**Praktiese wenk:** Wees 'n deernisvolle luisteraar na 'n paartjie wat uitdagings het.

---

## VRYDAG 19 SEPTEMBER 2025
## EER DIE HUWELIK AS HEILIG

*Die huwelik moet deur almal eerbaar gehou word. Wees in die huwelikslewe getrou aan mekaar, want ontugtiges en egbrekers sal onder die oordeel van God kom.* (Hebreërs 13:4*).*

Die huwelik moet deur almal geëer word. God roep Sy mense op om hul reinheid te bewaar en dit teen kompromie te beskerm. Wanneer die huwelik heilig gehou word, word dit 'n getuienis van God se liefde.

**Kom ons bid**

- Bid dat huwelike beskerm sal word teen die strikke van onreinheid, pornografie, verborge sonde en ontrouheid sodat hulle in integriteit voor die Here kan wandel.
- Vra God om gebroke vertroue te herstel en huwelike in waarheid en genade te vestig en hulle lewende getuies van Sy verbondsliefde aan die wêreld te maak.

**Praktiese wenk:** Spreek woorde van seën en bemoediging oor 'n paartjie wat jy ken.

---

## SATERDAG 20 SEPTEMBER 2025
## DIEN MEKAAR IN LIEFDE

*Die man moet sy huweliksplig teenoor sy vrou nakom, en net so ook die vrou teenoor haar man.*
(1 Korintiërs 7:3).

God het huweliksintimiteit ontwerp om wedersyds en onbaatsugtig te wees, wat Christus se liefde weerspieël. Ware intimiteit floreer deur diens, nederigheid en eer teenoor mekaar.

**Kom ons bid**

- Bid dat huwelike gevul sal wees met 'n gees van diensbaarheid, waar huweliksmaats mekaar met nederigheid, liefde en vreugde dien.
- Vra God om intimiteit te vernuwe as 'n plek van genesing, bemoediging en herstel, wat paartjies terugtrek na hul eerste liefde vir Hom en vir mekaar.

**Praktiese wenk:** Bedien 'n paartjie vir wie jy bid met 'n maaltyd of om hul kinders op te pas.

---

## SONDAG 21 SEPTEMBER 2025
## HUWELIK: 'N VERBORGENHEID VAN CHRISTUS EN DIE KERK

*"Daarom sal 'n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle twee sal een wees."...*
(Efesiërs 5:31-32*).*

Die huwelik is 'n verborgenheid wat Christus se verbondsliefde vir Sy Kerk, Sy Bruid, weerspieël. Christus-gesentreerde huwelike word bakens van reinheid en aanbidding in 'n gebroke wêreld.

**Kom ons bid**

- Bid vir paartjies om verenig te wees in geestelike doel, huwelike te bou wat die opofferende liefde van Christus weerspieël en te skyn as 'n getuienis van Sy Evangelie.
- Vra dat Jesus as Here in elke huis op die troon geplaas word, as die derde string in die koord van elke verbondshuwelik en die bron van hulle krag en vreugde (Prediker 4:12).

**Praktiese wenk:** Deel nagmaal of lees die Skrif (bv. Psalm 127:1) met 'n paartjie en herinner hulle daaraan om Christus sentraal in hul verhouding te hou.

---